# Kabouterland

| Kind besonderhede | |
|---|---|
| Volle naam | |
| Noemnaam | |
| Van | |
| Geboortedatum | |
| Allergieë | |
| **Ouer besonderhede** | |
| **Vader** | |
| Naam & Van | |
| Identiteitsnommer | |
| Huistaal | |
| Huisadres | |
| Selfoonnommer | |
| Ander kontak nommer | |
| Beroep | |
| Werk telefoonnommer | |
| Eposadres | |
| **Moeder** | |
| Naam & Van | |
| Identiteitsnommer | |
| Huistaal | |
| Huisadres | |
| Selfoonnommer | |
| Ander kontak nommer | |
| Beroep | |
| Werk telefoonnommer | |
| Eposadres | |

Parafeer: Moeder:............................ Vader:.............................. Kabouterland:...................

| Tipe sorg benodig (merk X) | | | |
|---|---|---|---|
| Voldag ☐ | Halfdag tot 12:15 ☐ | Halfdag tot 14:15 ☐ | Nasorg ☐ |
| Aanvangsdatum by Kabouterland | | | |
| Wie laai die kind af by die skool? | | Wil u gebruik maak van ons busdiens? ☐ Ja ☐ Nee | |

| Alternatiewe kontakpersoon | |
|---|---|
| Naam | Nommer |
| | |

| Huisdokter | | |
|---|---|---|
| Naam | Nommer | |
| | | |
| Inentings op datum? | ☐ Ja | ☐ Nee |

| Finansies: Na wie word die rekening aangestuur? | |
|---|---|
| Naam & Van | Eposadres |
| | |

| Sosiale Media Toestemming (Facebook/Instagram) | |
|---|---|
| ☐ My kind MAG op sosiale media verskyn | ☐ My kind mag NIE op sosiale media verskyn NIE |

**Begrip en ooreenkoms:** Ek erken dat:

- Media gebruik kan word vir skoolgeleenthede, opvoedkundige aktiwiteite en studenteprestasies.
- Geen persoonlike besonderhede rakend die kind sal gedeel word nie.
- Toestemming enige tyd herroep kan word met 'n skriftelike versoek aan die Kabouterland-kantoor.
- Sodra dit geplaas is, die inhoud publiek toeganklik is, en Kabouterland nie die gebruik van derdepartye kan beheer nie.
- **Hierdie toestemming is nie van toepassing op die Child Cloud "app" nie, aangesien dit nie as sosiale media beskou word nie. Child Cloud is 'n veilige platform uitsluitlik vir ingeskrewe ouers, en geen buitestaanders - insluitend ouers van voormalige studente - het toegang daartoe nie.**

Ek / ons, die ondergetekendes, bevestig hiermee dat alle inligting verskaf, volledig en korrek is. Ek / ons onderneem ook om Kabouterland in te lig indien enige inligting verander.

______________________________ ______________________________

Geteken Datum

# Kabouterland

## Voorwaardes en Reëls:

| | |
|---|---|
| 1. Operasionele Ure | • Die dagsorgsentrum is oop vanaf 07:00 tot 17:30.<br>• 'n Wagklas is beskikbaar vanaf 06:40 tot 07:00 teen R270.00 per maand, ongeag die hoeveelheid kere wat u daarvan gebruik maak.<br>• Let wel dat daar boetes betaalbaar is indien u, u kind later as 17:30 afhaal. Die boete beloop R50 per uur of gedeelte van 'n uur. |
| 2. Die volgende fooie is betaalbaar | • 'n Nie-terugbetaalbare registrasiefooi van R2500 per kind.<br>• Voldag: R5550.00 per voldag x 12 maande van die jaar.<br>• Oggendsorg tot 12:00: R3630.00 per maand x 12 maande van die jaar.<br>• Halfdag tot 14:15: R4760.00 per maand x 12 maande van die jaar.<br>• Nasorg vanaf 12:30 - 17:30: R2240.00 per maand x 12 maande van die jaar.<br>• Oggendsorg vir ingeskryfde Nasorgkinders tydens skoolvakansies: R85 per oggend (register word gehou deur die loop van die vakansie en die addsionele bedrag word dan geallokeer op jou volgende faktuur)<br>• Fooie is voorafbetaalbaar voor of op die 7de van elke maand.<br>• Fooie is betaalbaar elke maand, ongeag die hoeveelheid dae wat u kind teenwoordig was by Kabouterland.<br>• Fooie is betaalbaar in kontant, per debietorder of via elektroniese oordrag.<br>• 'n Boete sal gehef word op rekeninge wat na die 10de van elke spesifieke maand agterstallig is. Indien 'n rekening meer as 60 dae agterstallig is, sal die kind ongelukkig nie die volgende kalendermaand Kabouterland mag bywoon nie, tensy die skuld ten volle vereffen word.<br>• Skoolgelde verhoog aan die begin van elke nuwe jaar. |
| 3. Beëindiging van Inskrywing | • Kabouterland moet een kalendermaand geskrewe kennis kry van beëindiging van inskrywing.<br>• 'n Volle maand se fooie is betaalbaar al verlaat u kind die skool voor die einde van die maand.<br>• Enige kennis op die eerste van Oktober of November stel u nie vry van die betaling van Desember skoolgelde nie. Indien u kind vir 9 (nege) maande van die jaar Kabouterland bygewoon het, sal hy / sy verplig wees om Desember skoolgeld te betaal.<br>• Die hoof van Kabouterland mag haar diskresie gebruik om die reg tot toegang of verdere bywoning van Kabouterland toe te laat. Indien 'n kind gevra word om Kabouterland te verlaat, sal die volle maand se skoolgeld betaalbaar wees. |
| 4. Medies | • Die hoof van Kabouterland of enige personeellid is nie verantwoordelik vir besering of skade weens ongelukke gedurende die hele tydperk van bywoning nie.<br>• Alle redelike voorsorgmaatreëls sal getref word om die veiligheid en welstand van die kinders te verseker. Sou my kind enige besering opdoen sal ek, (ouer en wettige voog, primêre versorger) verantwoordelikheid aanvaar vir betaling van mediese en / of hospitaalrekeninge wat gehef word a.g.v. beserings. Hiermee vrywaar ek Kabouterland van enige eis wat ook al ten opsigte van beserings wat my kind mag opdoen.<br>• Ek/ons gee hiermee toestemming dat my kind na 'n dokter of hospitaal geneem mag word in 'n noodgeval. |

Parafeer: Moeder:.......................... Vader:.......................... Kabouterland:..................

| | |
|---|---|
| | • Dit is my/ons as ouer(s) se verantwoordelikheid om aan die skool die nodige inligting te verskaf indien my/ons kind(ers) enige aansteeklike siektes het wat sy/haar of 'n ander kind se lewe in gevaar kan stel.<br>• Ek/ons verseker Kabouterland dat ek/ons my/ons kind(ers) behoorlik sal laat inent en sal sodanige bewyse lewer op aanvraag. |
| 5. Algemeen | • Kabouterland is slegs verantwoordelik aan die persoon wat hierdie vorm geteken het wat betref enige saak rakende die kind.<br>• Geen verantwoordelikheid sal aanvaar word vir enige klere en/of items wat nie duidelik gemerk is nie.<br>• Speelgoed en persoonlike besittings mag net na Kabouterland gebring word indien vooraf gereël met die hoof en / of personeel van Kabouterland.<br>• Dit is my/ons verantwoordelikheid om Kabouterland in kennis te stel indien my/ons kind om enige rede nie Kabouterland sal bywoon vir 'n dag of alternatiewelik 'n sekere periode nie.<br>• Ek/ons gee hiermee toestemming dat my kind/kinders die klimrame en ander speelapparaat van Kabouterland mag gebruik.<br>• Ek/ons gee hiermee toestemming dat my/ons kind(ers) op uitstappies mag gaan wat deur Kabouterland se personeel gereël is en ek/ons aanvaar dat die personeel van Kabouterland alle redelike stappe sal volg om my kind(ers) se veiligheid ten alle tye te verseker.<br>• Ek/ons sal egter vooraf in kennis gestel word van alle uitstappies wat beplan word. Sou my/ons kind(ers) egter enige beserings opdoen vanweë 'n ongeluk tydens vervoer van my/ons kind(ers) na so 'n uitstappie, of gedurende so 'n uitstappie, vrywaar ek/ons hiermee enige eis wat moontlik teen Kabouterland ingestel kan word vanweë beserings wat my kind(ers) mag opdoen.<br>• Ek/ons aanvaar hiermee verantwoordelikheid vir alle mediese en/of hospitaalrekeninge wat mag voortspruit uit so 'n ongeluk.<br>• Ek onderneem om Kabouterland skriftelik in te lig van enige verandering in adres, telefoonnommers, huwelikstatus, besigheidsadres of enige ander belangrike inligting, binne sewe (7) dae na sodanige verandering plaasgevind het.<br>• Indien ek/ons nie hou by enige van die voorwaardes wat in hierdie dokument aan my/ons gestel is nie, aanvaar ek/ons verantwoordelikheid van die betaling van alle prokureurs- en kliëntkostes t.o.v. die invordering van my/ons skuld.<br>• Ek/ons aanvaar verantwoordelikheid om kennis te neem van alle korrespondensie van Kabouterland. |
| 6. POPIA | • Deur toe te stem tot die bepalings van hierdie inligtingsvorm, magtig ek/ons hiermee Kabouterland vrywillig om my/ons persoonlike inligting, sowel as dié van my/ons kind, te verwerk (nl.: name, straatadres, telefoonnommers en enige ander inligting wat u aan die skool verskaf) Daarbenewens neem ek/ons hiermee kennis dat Kabouterland persoonlike inligting m.b.t. behoorlike funksionering, bestuur en beheer van die skool insamel en verwerk.<br>• Die tipe inligting wat verwerk sal word sal afhang van die doel waarvoor dit ingesamel word en sal ook slegs vir daardie doel gebruik word.<br>• Die verwerking van inligting sluit in: die ontvangs, organisering m.b.t. normale skoolaktiwiteite, veilige stoor van alle data, wysiging, raadpleging en gebruik, die verspreiding by wyse van deel van data met betrokke onderwysers, boekhouers en administratiewe beamptes, uitwissing of vernietiging van inligting op 'n veilige manier.<br>• Die persoonlike inligting mag slegs verwerk word indien verwerking ooreenkomstig is met die betrokke bepalings van POPIA. Die doel van die verwerking van inligting moet met 'n werksaamheid of aktiwiteit van die skool verband hou.<br>• Soos uitgestip in artikel 11 van POPIA, kan persoonlike inligting slegs in die volgende omstandighede verwerk word:<br>  o Indien die ouer, of 'n bevoegde persoon namens 'n kind tot verwerking toestem. |

| | |
|---|---|
| | ◦ Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitvoering van verpligtinge wat die sluiting of nakoming van 'n kontrak waarin die ouer of kind 'n party is.<br>◦ Indien verwerking voldoen aan 'n plig wat die skool volgens wet opgelê word.<br>◦ Indien verwerking 'n regmatige belang van die kind beskerm.<br>◦ Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitoefening van 'n openbare regsplig.<br>◦ Indien verwerking noodsaaklik is om in die skool se regmatige belang op te tree.<br>• U het die volgende regte:<br>◦ U het die reg om te weet watter inligting gehou word, hoe dit gebruik gaan word en wanneer die skool dit bekend sal maak. Alle voormelde inligting word vervat in Kabouterland se Beleid oor die Beskerming van Persoonlike inligting en ons privaatheidsbeleid wat beskikbaar is op ons webwerf (www.kabouterland.co.za) of by die kantoor.<br>◦ U het die reg om u besonderhede reg te stel. Die skool sal u inligting op datum probeer hou. Indien enige van u besonderhede egter verander, stel ons asseblief in kennis sodat ons, ons rekords kan aanpas om dit sodoende so akkuraat moontlik te hou.<br>◦ U het die reg om u toestemming enige tyd terug te trek. U terugtrekking moet op skrif geskied en aan die inligtingsbeampte van Kabouterland gerig word by (kim.principal@kabouterland.co.za) Terugtrekking van toestemming om persoonlike inligting te verwerk is nie terugwerkend van krag nie en sal dus nie enige vorige of bestaande gebruik van u inligting raak nie.<br>• Ek/ons gee toestemming om die volgende inligting te ontvang:<br>◦ Deur hierdie inligtingsvorm te teken, gee ek/ons toestemming dat my/ons inligting vir doeleindes rakende die skool verwerk kan word en verstaan ek/ons dat deur toestemming te gee, ek/ons skrywes in die vorm van eposse en whatsapps vanaf die skool kan ontvang. Ek/ons het die reg om die skool se whatsapp groepe te verlaat, sou ek/ons dit so verkies. Deur nie die Whatsapp groepe te verlaat nie, aanvaar ons u gee toestemming om deel te wees van die groep(e) en dat u kontakbesonderhede beskikbaar is aan almal wat deel vorm van die groep. Maak dus seker dat u nie u volle name en van deel op u whatsapp profiel nie. Dit beskerm u identiteit beter. Let wel: Kabouterland se hoof kommunikasie is d.m.v. Child Cloud, Whatsapp groepe en eposse. Indien u die Whatsapp groepe verlaat, is daar 'n kans dat u belangrike inligting kan mis.<br>• Ek/ons gee toestemming dat Kabouterland foto's / beeldmateriaal / video's van my/ons kind kan gebruik as deel van die volgende:<br>◦ aktiwiteite / projekte in die klasopset<br>◦ 'n voorbeeldprojek op advertensies wat deur die skool geskep is vir bv. die reël van kermis / konserte, ens.<br>◦ die skool se webblaaie, u kind se betrokke klas-whatsapp groep en sosiale media platforms (naamlik Facebook en Instagram, sowel as die Child Cloud app)<br>• Deur die toestemming te verleen vir die gebruik van foto's / beeldmateriaal, begryp ek / ons dat die skool dit kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier / klasaktiwiteite te deel soos wat die skool / bestuur dit goeddink.<br>• Ek / ons verstaan ook dat hoewel Kabouterland die foto's / beeldmateriaal kan gebruik, hulle geen persoonlike identifiseerbare inligting, behalwe name en vanne sal gebruik nie (bv. met die opneem en maak van konsertvideos)<br>• Ek / Ons onderteken hierdie inligtingstuk met die wete dat enige foto's wat op die skool se webwerf gepubliseer word, deur enige organisasies bekom en gereproduseer kan word en daarom vrywaar ek/ons die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's / beeldmateriaal / video's van my/ons kind(ers).<br>• Ek / Ons begryp ook dat daar moontlike gevare bestaan in verband met die publikasie van foto's / beeldmateriaal en video's op 'n webwerf, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting het. Ek / ons verstaan ook dat ek/ons ter enige tyd ons toestemming kan terugtrek deur |

| | |
|---|---|
| | dit skriftelik te kommunikeer aan die inligtingsbeampte van die skool (kim.principal@kabouterland.co.za)<br>• Die inligting in hierdie dokument rakende POPIA gaan hand aan hand met ons volledige dokument wat handel oor die Beleid van Beskerming van Persoonlike Inligting wat op ons webwerf beskikbaar is (www.kabouterland.co.za) |
| Vrywaring | **Die kinders maak gebruik van opvoedkundige en speelapparaat by Kabouterland en, alhoewel die kinders konstant onder toesig is, sal dit waardeer word indien u die volgende vrywaring hieronder sal teken.**<br><br>**Ek as ouer / voog stem toe:**<br>• Om die vereiste skoolgelde gereeld en betyds te betaal, by versuim waarvan my kind / kinders toegang tot Kabouterland geweier mag word.<br>• Om die Terme en Voorwaardes soos aan my voorgehou en waarvan ek in besit is van 'n afskrif, te aanvaar en streng na te kom.<br>• Om my toestemming te gee vir my kind/kinders om gesien te word deur enige dokter in 'n noodgeval.<br>• Dat die Hoof van Kabouterland of in haar afwesigheid, enige ander verantwoordelike persoon, soos aangewys deur die Hoof van Kabouterland, nadat alle moontlike en redelike stappe geneem is om my te kontak en sodanige stappe onsuksesvol was, toestemming mag gee en die nodige skriftelike toestemmingsvorms mag teken vir enige kind om enige operasie of enige ander mediese prosedure of behandeling te ontvang wat vereis mag word, met dié voorwaarde dat sodanige toestemming slegs gegee sal word op advies en onder die toesig van 'n mediese dokter. Ek aanvaar ook en stem toe tot die betaling van sodanige mediese kostes.<br>• Om Kabouterland in kennis te stel indien my kind enige aansteeklike of lewensgevaarlike siekte het.<br>• Dat, alhoewel die persoon aan die Hoof van Kabouterland sowel as die werknemers by Kabouterland en/of die sorggewers van Kabouterland na die beste van hulle vermoë na my kind/kinders sal omsien, sal geen sodanige persoon of enige persoon verbonde aan Kabouterland, enige verantwoordelikheid en/of aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige eise wat mag ontstaan van enige ongeluk of besering wat my kind/ kinders mag opdoen terwyl hy/sy in die sorg van Kabouterland, sy Hoof, sorggewers, en/of werknemers is nie en doen ek hiermee afstand van enige eise wat ek mag hê en wat mag voortspruit uit bogemelde, hetsy in my persoonlike hoedanigheid of my hoedanigheid as ouers, voog of primêre sorggewer van my kind/kinders en ek skeld hiermee uitdruklik dus Kabouterland se Hoof en/of haar werknemers en/of die sorggewers vry van enige eise wat mag voortspruit of wat mag ingestel word teen Kabouterland, die Hoof, sorggewers en/of werknemers.<br>• Dat ek sal verseker dat my kind/kinders behoorlik ingeënt is en sal sodanige bewyse lewer aan Kabouterland op aanvraag.<br><br>Kabouterland onderneem om alle redelike voorsorgmaatreëls te tref om die veiligheid en die welstand van alle kinders in Kabouterland se sorg te verseker. |

Geteken op hierdie____ dag van_______________20 ___ te _____________________

Moeder / Voog: __________________ Vader / Voog: _________________________

Getuie: _________________________ Namens Kabouterland: _________________

Kabouterland

# Betalings ooreenkoms 2026

| **Naam en van (Alle kinders ingeskryf by Kabouterland)** | **Bywoning**<br>Oggend tot 12h15<br>OF<br>Halfdag tot 14h15<br>OF<br>Voldag tot 17h30 |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

| Epos waarheen die maandelikse skool rekening gestuur moet word: |
|---|
| |

| **Wettige voog 1** | **Wettige voog 2** |
|---|---|
| Naam | Naam |
| Nommer | Nommer |

| **Keuse van betaalwyse vir 2025 (Merk met 'n X die blokkie van u keuse)** | |
|---|---|
| | Eenmalige betaling vir die jaar per kind<br>(Oggend tot 12h00 – R43,560; Halfdag tot 14h15 – R57,120; Voldag – R66,600) |
| | 12 Maandelikse betalings (1 Januarie tot 1 Desember)<br>(Oggend tot 12h00 – R3,630 p/m; Halfdag tot 14h15 – R4,760 p/m; Voldag – R5,550 p/m) |
| **Let wel**: Skool fooie is vooruitbetaalbaar; dus voor of op die 7de van elke maand vir daardie spesifieke maand. | |

Parafeer: Moeder:............................ Vader:.............................. Kabouterland:...................

**Reëls en Regulasies**

- 'n Nie-terugbetaalbare registrasiefooi van R2,500 per kind.
- Voldag: R5,550.00 per voldag x 12 maande van die jaar.
- Oggend tot 12:00 (sonder middagete): R3,630.00 per maand x 12 maande van die jaar.
- Halfdag tot 14:15 (met middagete): R4,760.00 per maand x 12 maande van die jaar.
- Nasorg vanaf 12:30 - 17:30: R2,240.00 per maand x 12 maande van die jaar.
- Oggend-sorg vir ingeskrewe Nasorg-kinders tydens skoolvakansies: R85 per oggend (register word gehou deur die loop van die vakansie en die addisionele bedrag word dan geallokeer op jou volgende faktuur)
- Fooie is betaalbaar elke maand, ongeag van die hoeveelheid dae wat u kind teenwoordig was by Kabouterland.
- Fooie is betaalbaar in kontant, per debietorder of via elektroniese oordrag.
- Rente van primakoers sal gehef word op uitstaande rekeninge wat na die 10de van die spesifieke maand agterstallig is. Indien 'n rekening meer as 60 dae agterstallig is, sal die kind ongelukkig nie die volgende kalendermaand Kabouterland mag bywoon nie, tensy die skuld ten volle vereffen word.
- Skoolgelde verhoog aan die begin van elke nuwe jaar.

Deur die ondertekening van hierdie dokument, aanvaar ons die bostaande bepalings en onderneem ons om die gelde stiptelik te betaal soos hierbo aangedui.

Geteken op hierdie ____ dag van _____________ 20____ te _________________________

_______________________________ _______________________________

Handtekening Vader / Voog Handtekening Moeder / Voog